

# KINDERREGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE\*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the  
Creative Commons Attribution License 3.0<sup>†</sup>

## 1 LEWENSORIËNTERING

### 2 Graad 5

## 3 GESONDHEID EN SIEKTES

### 4 Module 6

## 5 KINDERREGTE EN -VERANTWOORDELIKHEDE

Hersien die twaalf regte en verantwoordelikhede van leerders op bladsy 11. Dit is reeds in graad 4 met julle behandel. 'n Baie belangrike aspek van hierdie reëls is dat dit ook van jou sekere verantwoordelikhede vereis en dat jy ook die regte van ander leerders, jou opvoeders en jou ouers moet eerbiedig.

**AKTIWITEIT: OM OOR DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERDERS TE BESIN**  
[LU 1.4]

Die klas verdeel in vier groepe. Twee groepe bespreek elkeen ses van die twaalf regte van leerders en twee groepe bespreek elk ses van die twaalf pligte van leerders. Dit is belangrik dat julle besef dat daar vir elke reg ook 'n plig is. Na die bespreking vertel die eerste groep hoe hulle oor die ses regte voel wat hulle bespreek het. Daarna gee die groep wat die ses ooreenstemmende pligte bespreek het, hulle mening. Die ander twee groepe volg op dieselfde wyse.



Figure 1

(a) **Regte** van leerders:

1. Om opgevoed te word en om geestelik en fisiek te ontwikkel
2. Om deur grootmense versorg en gelei te word

---

\*Version 1.1: Jun 20, 2009 12:45 pm -0500

<sup>†</sup><http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

3. Om regverdig en met respek behandel te word
4. Om toegang te hê tot inligting
5. Om die kans te hê om 'n bydrae te lewer in die gemeenskap
6. Om binne 'n veilige omgewing te wees wat leer verseker
7. Om teen jou eie pas te ontwikkel
8. Om na die hoogste standarde te mik
9. Om soos 'n individu behandel te word
10. Om deur opgeleide opvoeders onderrig te word
11. Om onderrig te ontvang en te mag praat in die taal van jou keuse
12. Om toegelaat te word om jou kultuur en geloofsoortuigings uit te leef.

**(b) Verantwoordelikhede van leerders:**

1. Om te luister, te leer en bereid te wees om opgevoed te word
2. Om grootmense te respekteer en te ondersteun
3. Om ander met waardigheid en respek te behandel en daarop ingestel te wees om hulle regte te beskerm
4. Om ander toe te laat en te help om te kommunikeer
5. Om saam met ander onderrig te word en hulle ook te help leer
6. Om met ander saam te werk en 'n veilige omgewing te verseker
7. Om verskille in ander mense waar te neem, te aanvaar en terespekteer
8. Om toegang tot inligting te soek en fluks te werk
9. Om ander as individue te respekteer
10. Om bereid te wees om opgevoed te word, saam te werk en met konsentrasie te luister
11. Om te leer om ander se taalverskille te aanvaar
12. Om bereid te wees om ander se kultuur- en geloofsoortuigings te aanvaar, te respekteer en te help beskerm.

## 6 Assessering

### LU 1

#### GESONDHEIDSBEVORDERING

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

- 1.1 ondersoek en verslag doen oor maniere om die gehalte van kos en water in verskeie kontekste te bewaar;
- 1.2 'n plaaslike omgewingsgesondheidsprobleem ondersoek deur verskillende databronne te gebruik en beplan 'n strategie om die probleem die hoof te bied;
- 1.3 die simptome herken en oorsake van siektes wat plaaslik voorkom bespreek en strategieë om dit te voorkom;
- 1.4 die uitwerking van dwelmmisbruik verduidelik op 'n individu se gesondheid en sosiale verhoudings.

## 7 Memorandum

Die leerder word voorberei om 'n verantwoordelike verbruiker te wees en gesonde keuses tov sy eie dieet te maak. Hy word ook toenemend op gesondheidsrisiko's in sy omgewing en sy verantwoordelikhede met betrekking tot die behoud van gebalanseerde ekosisteme gewys. Waar daar in Graad 4 slegs vlugtig na sekere regte van die kind verwys is, kry die Graad 5-leerders die geleentheid om op hul regte en pligte as landburgers te fokus. Die sensitiewe saak van kindermishandeling word hier aangeroer. Opvoeders moet hulle verantwoordelikhede as konsultant, vertroueling en raadgever in hierdie verband besef. Dit is hier waar ernstige probleme geïdentifiseer en voorkom kan word. Dit is noodsaaklik dat opvoeders weet wat die korrekte prosedure is as hulle met gevalle van kindermishandeling te doen sou kry. Tydens besprekings oor

aansteeklike siektes kan opvoeders ook 'n groot rol speel in die voorkoming van lewensbedreigende siektes soos TB, cholera en vigs deur hierdie onderwerpe met die nodige erns te benader.